

Inhoud Hierdie preek wys die Here Jesus Christus kom om ons as sy kinders te verheerlik en om die wêreld te veroordeel. Sy wederkoms is vir ongelowiges die oordeelsdag, maar vir ons die dag waarin Christus ons in sy liefde sal verheerlik. Christus skei gelowiges van ongelowiges en behandel hulle verskillend: sy kinders verheerlik Hy en ongelowiges veroordeel Hy. Almal is nie maar vir die Here dieselfde nie en almal word nie deur die Here maar dieselfde behandel nie. Dit is die getuienis van die hele Woord van God.

Skriflesing Openbaring 20: 11 – 15; Romeine 8: 31 – 29; Matteus 25: 31 – 34, 41.

Teks Matteus 25: 32 “Al die nasies sal voor Hom byeengebring word, en Hy sal hulle skei soos ’n herder die skape en bokke skei.

Tema Ons verwag Christus nie die oordeel van die oordeelsdag nie.

1. Ons as gelowiges verwag Christus, nie die oordeel van die oordeelsdag nie.

Die Here Jesus Christus kom om ons as sy kinders te verheerlik en om die wêreld te veroordeel. Sy wederkoms is vir ongelowiges die oordeelsdag, maar vir ons die dag waarin Christus ons in sy liefde sal verheerlik. Christus skei gelowiges van ongelowiges en behandel hulle verskillend: sy kinders verheerlik Hy en ongelowiges veroordeel Hy.

Almal is nie maar vir die Here dieselfde nie en almal word nie deur die Here maar dieselfde behandel nie. Dit is die getuienis van die hele Woord van God.

Die apostel Johannes verklaar: “Hierin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld leef ons reeds deur die liefde, net soos Jesus.” (1983 1 Joh. 4: 17)

Niks te vrees vir die oordeelsdag nie! Geen vernedering nie, geen openbaar maak van sondes nie, geen behandeling volgens sondes nie! Die Here wat oordeel skei gelowiges van ongelowiges. Volgens Openbaring 20 word ongelowiges geoordeel en veroordeel volgens hulle dade. Alles wat hulle gedoen het word in groot boeke opgeteken om daarvoor aangekla, beskuldig, eb veroordeel te word. Maar Christus het twee soorte boeke in sy boekhouding: die Groot Boeke en die boek van die lewe.

In die boek van die lewe is net name, geen dade opgeteken nie. Net die name van wie in Hom glo word bekend gemaak om hulle so sy kinders in sy liefde te verheerlik.

In die oordeelsdag veroordeel Christus ongelowiges volgens hulle dade maar verheerlik gelowiges as sy kinders net deur hulle name openbaar te maak. So kom Christus weer en daarom het ons niks te vrees vir die oordeelsdag nie!

2. Paulus gee dieselfde getuienis oor die wederkoms van Christus. Hy verklaar in Rom. 8:1 “Daar is nou geen veroordeling vir diegene wat in Christus Jesus is nie.” Ingesluit in Christus beteken volgens Rom. 6 dat die Here jou met Homself as mens verenig in hierdie verbintenis: Syne is myne en myne is Syne. My veroordeling het

Christus voor Pontius Pilatus gedra (1 Tim. 6: 13) sodat ek nie deur die Here veroordeel word nie, maar as reg vir sy liefde verheerlik word. (Rom.8:17)

Hierdie vereniging met Christus plaas ons in die posisie dat ons nooit deur God, ook nie in die oordeelsdag veroordeel sal word. God sal nooit skielik in die oordeelsdag teen ons draai as God wat nou iets teen ons het en met ons wil uitsorteer nie. In Christus is God vir ons, nooit weer teen ons nie. (Rom.8: 31)

In Christus is God tot en met die oordeelsdag nooit weer ons aanklaer nie. Hy is en bly die Here wat ons regverdig maak en regverdiges word nie aangekla nie. God draai daarom ook nie skielik in die oordeelsdag van die Here wat ons regverdig maak om na die god wat ons aankla nie. (Rom. 8: 33)

Daarom is die Here Jesus nie die Here wat ons met die oordeelsdag as aangeklaagdes en verweerders voor Hom laat verskyn om te verduidelik en pleitredes te lewer nie. Hy self wie die Regter is pleit vir ons. Dit beteken nie soebat by god nie. Dit beteken dat Hy as God self vir ons ingestaan het en ons veroordeling as sy veroordeling gedra het in sy lyding voor Pontius Pilatus om ons altyd, ook in die oordeelsdag, met sy liefde en in sy liefde te verheerlik. (Rom. 8: 34)

Ons leef elke dag sonder veroordeling en met sy koms as Here aan die Vader se regterhand sal Christus nie ook skielik draai en ons in sy oordeel laat verskyn nie.

Vir hulle wie nie ingesluit is in Christus nie, is die Here teen hulle, is Hy hulle aanklaer en is Hy die Regter wat hulle veroordeel, elke dag en ook in die oordeelsdag.

Almal is vir Jesus Christus die Here nie maar dieselfde nie en Hy behandel nie maar almal dieselfde nie. Hy regverdig en verheerlik hulle wie Hy in sy menswees in die hemel insluit en verenig en veroordeel hulle wie nie met Hom verenig is nie.

3. In Matteus 25: 31 wys die Here self wat Hy met sy wederkoms gaan doen. Hy gaan alle mense uit alle nasies uit die dood opwek en voor Hom laat verskyn. En hulle dan skei van mekaar. Die aan sy regterhand sal Hy nie veroordeel nie, maar hulle laat deel in die seën van hulle erfenis, die ewige lewe in God se liefde. Die aan sy linkerkant sal Hy veroordeel om vir ewig onder sy vervloeking te leef.

In Matteus 28: 20 wys Christus dat Hy hierdie skeiding maak met die mag wat Hy as Christus het: elke dag, die hele dag, vir altyd laat Hy gelowiges leef in die seëninge van God se verbond. (Ek is met julle) Vir wie Jesus nie die Christus is nie, leef vir ewig onder die vloek van God.

Almal is nie maar dieselfde vir die Here nie en Hy behandel almal maar nie dieselfde nie. Dit openbaar die Here met sy wederkoms. Christene verwag Christus wat hulle seën eb hulle verwag die oordeelsdag waarin Hy sal openbaar dat hulle vir ewig geseënd is teenoor hulle wie nie geglo het in Christus wat ewig vervloek sal wees.

Hoe kan Christus só skeiding maak tussen mense?

Die grootste fout is om te dink dat omdat Jesus alle mag op hemel en aarde het (Mat. 28: 18) hy kan doen wat Hy wil so asof Hy sy ondersteuners kan bevoordeel en wie Hom nie ondersteun nie kan benadeel met sy almagtigheid.

Christus maak 'n skeiding tussen wie Hy seën en vervloek deur die Here van reg en geregtigheid, nie almagtigheid te wees nie. "Want vir ons is 'n Kind gebore, 'n Seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouer. Hy word genoem Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors" en Hy sal sy koninkryk as Christus, die seun van Dawid vestig en instandhou deur reg en geregtigheid. (Jes. 9: 5,6)

Christus vestig reg en geregtigheid deur self die veroordeelde sondaar te word sodat gelowiges geregverdig is deur Hom en só reg is vir God. Christus hou die reg instand deur hulle wie nie deur Hom geregverdig te wil wees nie, volgens hulle eie dade te veroordeel. Hy bewerk en gee geregtigheid vir gelowiges en eis reg en geregtigheid vir hulle wat self geregverdig wil wees voor god. Só skei Christus in geregtigheid tussen hulle wie Hy nie veroordeel nie en hulle wie Hy veroordeel, deur sy eerste koms.

4. Hoe verander ons verwagting van die wederkoms van die Here wat ons sal verheerlik maar ongelowiges sal veroordeel, die wyse waarop ons in hierdie wêreld leef?

Ons dien die Here wat ons verwag wat nou God met ons is en ons en ons lewe vir Hom reg laat wees terwyl ons seker is dat die Here die goddelose wêreld volgens hulle dade sal kom veroordeel.

In hierdie geloof en diens is ons nooit gedienstig aan die magtiges van hierdie wêreld wat hulle ondersteuners bevoordeel en wie hulle nie ondersteun nie, benadeel.

Ons sien hierdie eimagtigheid elke dag in ons land voor ons afspeel. Magtiges is wetteloos maar word nooit aangekla, nooit tot verantwoording gebring oor reg en geregtigheid nie en al sou hulle tot verantwoording gebring word, word hulle nooit veroordeel volgens hulle dade nie. Hulle kry nooit hulle dag in die hof nie.

Hulle heers met hulle selfbemagtiging bokant enige reg en geregtigheid verhewe in die geloof dat mag is altyd reg en onmag is altyd verkeerd. Hierdeur skep hulle 'n wêreld waarin wetteloosheid en geweld die orde van die gemeenskap is. Die verleidelikheid van hierdie magtigheid is dat dit die norm word – aanvaar hierdie eimagtigheid, glo in die verhewenheid bo reg en geregtigheid en bevoordeel jouself deur 'n ondersteuner te word. Beskerm jouself deur gedienstigheid aan mag om nie benadeel te word nie.

Die goddeloosheid van die magtiges skep die oortuiging dat daar geen reg en geregtigheid in hierdie wêreld is nie en dat hierdie wêreld die enigste wêreld is. In hierdie geloof is daar geen God, geen oordeelsdag en geen lewe na hierdie wêreld nie.

Voor hierdie magtigheid is almal maar dieselfde, alle gelowige, alle gode, alle mense en instellings gedienstig - behalwe hulle wat mag uitoefen. Goddelose se skeiding van mense is die skeiding tussen magtige heersers en onmagtige gedienstiges.

5. Deur ons geloof gloof in die wederkoms van Christus, kan ons nooit glo dat ons in 'n wêreld leef waar mense geskei word tussen die magtiges en onmagtiges nie.

Ons dien die Here Jesus Christus wat 'n skeiding maak tussen mense deur reg en geregtigheid, nie deur almagtigheid nie. Die Here laat nie die dood 'n wegomkans wees voor God se reg en geregtigheid nie. Daarom kom Hy as Here om alle mense uit die dood uit op te wek sodat Hy reg en geregtigheid aan alle mense sal laat geskiet.

Hy sal reg en geregtigheid laat geskiet aan ons as gelowiges deur ons in sy straf vir ons sonde en sy regverdige lewe te laat deel. Teenoor hulle wat Hom nie as Here erken het nie, sal hy reg en geregtigheid laat geskiet volgens hulle eie dade. Hulle sal veroordeel word vir hulle sonde.

Die Here sal Homself verheerlik deur ons wat Hom vertrou het om ons te regverdig te verheerlik en hulle wat hulself geregverdig het in hul sonde te veroordeel. Hulle sal hul dag in die hof kry. 'n Dag wat hulle nie kan uitstel of deur die dood kan ontkom nie. 'n Hofsitting wat hulle niet met hulle mag kan korrup maak en reg en geregtigheid verydel nie.

Met hierdie vaste hoop op ons verheerliking en goddelose se veroordeling in die oordeelsdag van Jesus Christus, bly ons die Here dien deur verbind te bly tot die reg en geregtigheid van die wet van God, die Tien Gebooe. Ons laat ons nie deur magtiges verlei om te glo dat mag is reg en onmag is verkeerd nie. Ons laat ons nie verlei asof die eimagtigheid van goddelose mense die bewys is dat God se reg en geregtigheid nie bestaan nie. Ons sien hoe Jesus Christus hulle eimagtigheid verniel in hierdie wêreld en ons weet die Here Jesus sal hulle veroordeel volgens sy reg met sy wederkoms.

Ons laat ons daarom nie deur hulle geloof in hulle mag gelykstel voor hulle mag nie. Ons is nie voor God maar almal dieselfde nie en God behandel nie maar almal dieselfde nie, want Jesus Christus is God! Hy het ons geregverdig deur sy kruisiging en van goddeloses eis Hy geregtigheid in sy oordeelsdag.

Hulle sal hul dag in die hof kry waar ons verheerlik sal word deur nie in die hof as aangeklaagdes sal verskyn nie, maar as toeskouers wat die hofsitting bywoon.